

SONDAG: 44

VRAAG EN ANTWOORD: 114

	Teks	1933/53-vertaling	1983/91-vertaling
Vraag: Maar kan die wat tot God bekeer is, hierdie gebooie volmaak gehoorsaam?			
Antwoord: Nee, want selfs die allerheiligstes het, solank hulle in hierdie lewe is, nog maar 'n geringe begin van hierdie gehoorsaamheid,	1	Prediker 7:20 want daar is geen regverdige mens op die aarde wat goed doen sonder om te sondig nie.	Daar is geen mens op aarde regverdig nie, niemand wat net goed doen en nie sondig nie.
		Romeine 7:14-15 Want ons weet dat die wet geestelik is, maar ek is vleeslik, verkoop onder die sonde .Want wat ek doen, weet ek nie; want wat ek wil, dit doen ek nie, maar wat ek haat, dit doen ek.	Ons weet tog die wet is geestelik, maar ek is aards en soos 'n slaaf aan die sonde verkoop. Ek begryp self nie wat ek doen nie, want wat ek wil doen, dit doen ek nie, maar wat ek haat, juis dit doen ek.
		1 Korintiërs 13:9 Want ons ken ten dele en ons profeteer ten dele.	Want ons ken maar gedeeltelik, en ons profeteer maar gedeeltelik,
		1 Johannes 1:8 As ons sê dat ons geen sonde het nie, mislei ons onself en die waarheid is nie in ons nie.	As ons beweer dat ons nie sonde het nie, bedrieg ons onself en is die waarheid nie in ons nie.
		1 Johannes 1:10 As ons sê dat ons nie gesondig het nie, dan maak ons Hom tot 'n leuenaar en is sy woord nie in ons nie.	As ons beweer dat ons nie gesondig het nie, maak ons Hom tot leuenaar en is sy woord nie in ons nie.
maar tog so dat hulle met 'n ernstige voorneme begin om nie alleen volgens sommige nie, maar volgens al die gebooie van God te lewe.	2	Psalm 1:2 maar sy behae is in die wet van die HERE, en hy oordink sy wet dag en nag.	maar wat in die woord van die Here sy vreugde vind, dit dag en nag oordink.
		Romeine 7:22 Want ek verlustig my in die wet van God na die innerlike mens;	Diep in my wese vind ek vreugde in die wet van God,
		1 Johannes 2:3 En hieraan weet ons dat ons Hom ken: as ons sy gebooie bewaar.	As ons die gebooie van God gehoorsaam, weet ons daaraan dat ons Hom ken.